

HANDLEIDING: BEHEER VAN ROLBLAAR EN NETELBLAAR IN WINGERDE

Oktober 2007

Nico van Rensburg (WVV)

Deel 2: Moeder Eenhede

1. INLEIDING

Weens die sporadiese voorkoms van veral rolblaar simptome in wingerde oor die hele wynbedryf en die verspreiding van netelblaar in die benede Breëriviervallei, is aanvullende voorsorg- en beheermaatreëls deur die Wyndruifverbeteringsvereniging (WVV) geïmplementeer om die verspreiding van rolblaar en netelblaar in eenhede in terme van die SA Plantsertifiseringskema vir Wyndruiwe te bekamp.

2. VOORSORG-EN BEHEERMAATREËLS

Moeder eenhede word gevestig met plante waarvan die plantmateriaal afkomstig is uit grondves eenhede en word gebruik om plantmateriaal te voorsien vir die kweek van kwekeryplante.

2.1. Isolasie-afstand

- Isolasie-afstand van drie meter vanaf ander wingerd moet gehandhaaf word.

2.2. Grond vereistes

- Eenhede moet ten minste drie hektaar groot wees.
- Rou grond of grond wat vry toets van die vektor vir netelblaar.
- Indien dit ou wingerd- of kwekerygrond is, moet soveel as moontlik wortels verwyder word.
- Indien dit ou wingerd- of kwekerygrond is, moet die grond vir ten minste een jaar rus.
- Dreinasie en afloopwater uit ander wingerd moet nie daarop vloei nie.

2.3. Inspeksie van eenhede

- Inspeksies geskied minstens een keer per jaar en daarna beurtelings gedurende die somer, herfs en winter.
- Herfsinspeksie vir visuele rolblaar simptome is verpligtend op alle rooi variëteite en by die wit variëteite Chardonnay, Cape Riesling en Semillon.

2.4. Versorging

- Plante in 'n eenheid moet versorg word op 'n wyse wat bevorderlik is om plantmateriaal van 'n hoë gehalte te verkry.

2.5. Onkruidbeheer

- Plante in 'n eenheid moet nie deur onkruid oorgroei word nie.
- Onkruid moet beheer word deur 'n spesifieke onkruidbeheer program te volg.
- Onkruid moet laag gehou word om te verhoed dat die miere alternatiewe toegangsroetes na die stokke kry deur onkruid wat aan die stokke, oplei-pale of drade raak.



Fig. 1. Stokke moet nie deur onkruid oorgroei word nie.

2.6. Afwesigheid van witluis besmetting

- Geen witluise of visuele tekens van witluise mag op die plante of plantmateriaal voorkom nie.

2.7. Verwydering van stokke

- Stokke wat visuele simptome van rolblaar toon en stokke wat positief toets vir rolblaar:
 - Moet in die eerste en tweede groeiseisoen uitgekap word.
 - Na die tweede jaar word die stokke slegs gemerk. Voor insameling van die plantmateriaal moet die gemerkte stokke en die twee aangrensende stokke vooraf gesnoei word, sodat die lote nie vir plantmateriaal gebruik kan word nie.
- Afwykende stokke moet deurlopend gemerk word en soos die ander gemerkte stokke vooraf gesnoei word.

2.8. Bufferstroke vir hoë risiko bostok eenhede

- Stokke in die twee rye aan weerskante van die eenheid moet as versperrings- en opvangsone vir natuurlike verspreibare vektore dien.
- Stokke in die eerste en laaste vak of ten minste vyf stokke van elke ry moet as 'n opvang- en versperringsone dien.
- Stokke in die twee kantrye en kop vakkies moet soos gemerkte stokke vooraf gesnoei word sodat die lote nie vir plantmateriaal gebruik kan word nie.



Fig. 2. Voorsorg maatreëls moet getref word indien mense en implemente beweeg vanaf wingerde met rolblaar na jong wingerde.

2.9. Moniteer van witluise

- Begin met monitering vanaf begin Oktober en gaan voort tot einde Mei.
- Teken 'n plan van die moeder eenheid met 'n aanduiding van elke ry en aantal vakkies per ry.
- Kies twintig vakkies met vyf stokke elk eweredig deur die eenheid versprei.
- Indien die eenheid groter as twee hektaar is, moet die getal vakkies pro-rata vermeerder word.
- Moniteer die tros-sone van elk van die vyf stokke in elke vakkie twee keer per week.
- Teken slegs die aan-of afwesigheid van witluise op elke stok aan.
- Die totale getal besmette stokke sal die persentasie witluisbesmetting in die moeder eenheid aandui.

2.10. Beheer van witluise

- Bostokke:
 - Sodra witluis besmetting waargeneem word, moet vol oppervlakte bespuiting gedoen word met 'n geregistreerde kontak of sistemiese witluismiddel volgens die voorgeskrewe dosis.
 - Gebruik handstange en nie waaier spuitpompe nie.
 - Bespuiting moet op die kordon-arms en die tros-sone gekonsentreer word.
- Onderstokke:
 - Sodra witluis besmetting waargeneem word, moet vol oppervlakte bespuiting gedoen word met 'n geregistreerde kontak of sistemiese witluismiddel volgens die voorgeskrewe dosis.
 - Gebruik handstange en nie waaier spuitpompe nie.

2.11. Moniteer van miere

- Miere moet tydens die monitering van witluis ook gemonitor word.
- Miere moet in die lente gemonitor word, wanneer dit warmer is en die miere meer aktief is.
- Miere moet beheer word sodra 20% van die stokke volgens die standaard moniteringstelsel met miere geïnfekteer is.

2.12. Beheer van miere

- Miere mag nie onbeheerd in 'n moeder eenheid voorkom nie.
- Miere moet in die lente beheer word.
- Miere moet beheer word wanneer hulle in die stokke inbeweeg.
- Indien daar later in die seisoen miere voorkom, moet dit voor oes beheer word.
- Rugsakspuitpomp met 'n ringspuit moet gebruik word
- Geregistreerde kontak of lokaas middels volgens die voorgeskrewe dosis moet gebruik word.
- Direkte stambespuittings moet toegedien word.
- Stambespuittings moet bo die permanente besproeiingslyn toegedien word.
- Oplei-pale moet ook bespuit word.
- Hele rye moet bespuit word indien daar miere in voorkom en nie kol bespuittings nie.
- Indien die besmetting so hoog is dat die miere in groot getalle op die grond beweeg, moet 'n tweede stambespuiting later in die seisoen toegedien word.
- Slegs wanneer die miere in die stokke voorkom, moet die tweede bespuiting toegedien word.



Fig. 3. Witluis moet beheer word.



Fig. 4. Miere moet beheer word.

2.13. Beweeg van mense en implemente

- Indien daar vanaf ander wingerde op dieselfde plaas na moeder eenhede beweeg word, word die volgende aanbeveel :
 - Skoonspuit van trekkers en implemente
 - Ontsmetting van snoeiskêre en
 - Dra van skoon beskermende oorklere.

3. SLOT

Navorsers is tans besig met verskillende Winetech-projekte oor verskeie vakgebiede om die verspreiding van rolblaar te verklaar en te beheer. Alhoewel hierdie voorsorgmaatreëls in die toekoms verder aangevul sal word, soos die navorsingsresultate beskikbaar gestel word, is die aanduidings dat die huidige maatreëls beslis kan bydra tot die bekamping van rolblaar en netelblaar in produksie wingerde oor die hele wynbedryf.

Saamgestel uit die volgende:

- Addison, P., *Protokol vir Mierbeheer, Winetech, Junie 2003.*
- Carstens, R., *Rolblaar Oorsig, Winetech, Desember 2001.*
- Staatsdrukker, *Suid-Afrikaanse Plantertifiseringskema vir Wyndruiwe, Staatskoerant, 28 Augustus 1992 soos gewysig.*
- Walton, V.M., *Protokol vir die Bekamping van Witluisverspreiding in 'n Wingerdblok, Winetech, Desember 2001.*
- Walton, V.M., Pringle, K.L. en Daane, K.M., *Protokol vir feromoon-valletjie vangste en monitering van Wingerdwitluis in Suid-Afrikaanse wingerde, Winetech, Junie 2003.*

Vir meer inligting, kontak Nico van Rensburg by die WVV, by tel. (021) 872 1831, faks (021) 872 0335 of e-pos plantpro@iafrica.com.